## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom

**ACIM Donderdagaande 7pm @ Kolping**
**Kontak riaan.neethling@gmail.com om aan te sluit by ons Neo-Spektrum Vrywillige Vereniging**

BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA
Naam en Van

________________________________________

E-Mail________________________ Sel________________

ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:
**Biccard Straat (Kolping Centre aan jou regterkant) Durbanville**

## TIENDE MAAND IS DANKOFFER-MAAND

| Bankrekening vir bydraes | BAIE DANKIE |
|---|---|
| **FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-409**<br>Rekening: **551 601 09804** | Ons vra 'n maandelikse bydrae<br>hetsy per koevert of per EFT<br>Groot ASSEBLIEF en DANKIE |



# Neo-Spektrum
## 3 November 2013
## – THE GIFT OF LIFE –
### "SPIRITUELE LESSE OM TE LEER"

## STILTE IN DIE KAPEL
~ Sun On Sunday — James Blunt ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Die Here waak oor die ritme van my lewe —
Hy het altyd vir my tyd.
Daarom ontbreek dit my nie aan tyd om die lewe te vier nie.
Ek hoef nie angstig van een taak na die ander te jaag
sonder om ooit die vreugde van die voltooiing te proe nie.
Telkens weer skenk Hy aan my die geleentheid
om sorgeloos en ontspanne te geniet
van die goeie dinge wat ek nie self verwerf het nie,
maar wat ek uit vrye guns ontvang.
Ek voel nie bedreig deur my medemens nie —
hulle is nie my mededingers teen wie ek my aansien en identiteit
met prestasie moet beskerm en handhaaf nie.
Al tref teenspoed en teleurstelling my weet ek, ek bestaan,
ek lewe ... en dis 'n wonderwerk —
In hierdie elementêre lewenswonder sal ek my eindeloos verlustig.
('n Japannese Gebed)

## - STILTETYD -
~ My New Life — Antonio Pinto ~

*Lees Matteus 25:14-29*

"Aan elkeen wat het, sal meer gegee word, en hy sal in oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, sal ook die bietjie wat hy het, weggevat word"

*Johannes 10:10*

"Ek het gekom sodat julle lewe kan hê, en dit in oorvloed!"

==========================================================

FISIESE LEWE … die **TAAL** van die lyf — [dink]

EMOSIONELE LEWE … die **TAAL** van die kop — [voel]

SPIRITUELE LEWE … die **TAAL** van die hart — [wees]

(1) Spend your life with who makes you happy, not who you have to impress

(2) A smile does not always mean happy just as tears don't always mean sad

(3) Don't play martyr or victim; don't say *WHAT* you are, *BE* who you are.

(4) Love yourself; do good; always forgive; harm no one; and be positive

(5) Always say "please" & "thank you" thankfulness releases the power of God

(6) Don't compare and don't judge because your happiness is in your hands

(7) Make peace with your past and let go of your obsessions about the future because it screws up the present.

==========================================================

1 Petrus 4:10 — *'Namate elkeen 'n [spesiale] geskenk **(charisma)** ontvang het, gebruik dit om mekaar te dien as goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God."*

'**CHARISMA**' beteken: ***the economy of Divine grace!***

==========================================================

Aan God behoort die ooste & weste en waar jy ook al draai
daar is die gesig van God, want God is alomteenwoordig
— en alles-wetend …
God is die oorsprong van hemel en aarde
*waar God dit ook al beveel deur net te sê "Wees!"*
— daar is dit … jou God is een God
daar is geen ander God behalwe die Een,
die Begenadigde … die Liefdevolle.

(The Way of Passion: Holy Qur'an)

# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING

~ LIFE'S GIFT — NIANELL ~

## HERINNERING EN SEËNBEDE

*Die Lewe versorg my soos 'n herder.*
*Hy gee genoeg vir almal.*
*Die Lewe het groen graslande waar ek kan rus*
*en waters wat my dors les.*
*Die Lewe lei my om in oorvloed te leef.*
*Ek kyk om my, en weet wat LEWE is.*
*Ek verwonder my daaroor.*
*Selfs al moet ek swaarkry of sterf sal ek nie bang wees nie,*
*want die dood en lyding is nie die einde van LEWE nie.*
*Die Lewe stop nooit. Daarom is ek altyd veilig.*
*My lewe op aarde is 'n fees,*
*waar selfs hulle wat nie van my hou nie,*
*saam met my kan aansit.*
*Ek deel my LEWE met almal.*
*My beker loop van vreugde oor.*
*Ek weet, ook in my lewe, sal die Lewe vir my sorg.*
*Daarom is ek is tuis in die heelal nou en vir altyd*

*('n Psalm vir Vandag)*

## IN LOVE, ALL IS POSSIBLE

NEI TUOI OCCHI (IN THE MIRROR)

— YANNI —